

## **Afbreek van gendergrense: Spreek genderongelykhede in wetenskaplike publikasies in Afrika aan**

**Corlia Meyer, Catherine Beaudry en Heidi Prozesky\***

Wetenskaplike navorsing is 'n uiters belangrike onderdeel van die moderne kenniseconomie en vir die ontwikkeling van die samelewing en akademiese publikasies dien as 'n noodsaaklike kanaal vir die verspreiding van navorsingsbevindinge na die wêreldwye wetenskapgemeenskap. Afrika is egter agter ander wêreldstreke ten opsigte van wetenskaplike navorsingspublikasies. Die onderverteenvoordiging van vroue in wetenskap en tegnologie vererger hierdie probleem. 'n Onlangse [navorsingstudie](#), getiteld "Factors that affect scientific publication in Africa – A gender perspective" (ofte wel "Faktore wat wetenskaplike publikasie in Afrika beïnvloed – 'n Genderperspektief") werp lig op die faktore wat wetenskaplike publikasie in Afrika beïnvloed en kyk veral na gender.

Die studie het data met behulp van 'n webgebaseerde vraelys versamel wat vooraf in vorige wêreldwye opnames in 2013 en 2015 getoets is. Vraelyste is in 2016 aan skrywers gestuur wat mede-outeurs van ten minste een wetenskaplike artikel was in 'n vaktydskrif wat deur Clarivate™ Web of Science van 2005 tot 2015 geïndekseer is. Altesame 7 515 mense het gereageer. Nadat die data gesif is, het die finale steekproef wat vir die artikel ontleed is, uit 4 676 respondente bestaan.

Net soos in ander navorsing oor hierdie onderwerp, het die studie bevind dat vrouewetenskaplikes in Afrika aansienlik minder publiseer as hulle manlike eweknieë. Vroue het gemiddeld 1,8 artikels in die vorige jaar laat verskyn, in vergelyking met mans se 2,6 artikels. Hierdie gendergaping het regoor alle vakgebiede en tipes instellings voorgekom, ongeag die land se inkomstevlak.

Verskeie faktore het tot hierdie gendergaping in wetenskaplike publikasies bygedra. Eerstens is dit waarskynliker dat vroue gesins- en versorgingsverantwoordelikhede soos kinders en ouers se versorging het, wat hulle tyd en energie vir navorsingsaktiwiteite kan beperk. Tweedens het vroue, ondanks verbeterings die afgelope paar jaar, ongelyke toegang tot onderwys en opleiding. Hulle kry minder geleenthede vir vooruitgang, wat studie- en werkverwante mobiliteit insluit. Derdens het vroue minder toegang tot medewerkingsgeleenthede en navorsingshulpbronne, wat finansiering en toerusting insluit, al spandeer hulle meer tyd om geld in te samel as mans.

Verder staan vroue institusionele hindernisse soos gender-stereotipes en vooroordele in die gesig wat hulle vermoë beïnvloed om ten volle aan navorsingsaktiwiteite deel te neem. Hulle word dikwels afgeskuif na ondersteuningsrolle, eerder as om aktief by sulke aktiwiteite betrokke te wees. Hierdie situasie is 'n hindernis vir hulle loopbaanvordering en beïnvloed die gehalte en impak van navorsingsbevindinge.

Op Internasionale Vrouedag (8 Maart) is dit belangrik om te beklemtoon dat hierdie bevindinge saak maak, want wetenskaplike navorsing is noodsaaklik om Afrika se uitdagings, insluitende armoede, siekte en onvoldoende infrastruktuur, aan te spreek. Vroue se onderverteenvoordiging in wetenskaplike publikasies beteken dat hulle perspektiewe, kundigheid en bydraes oor die hoof gesien word. Hierdie gendergaping laat ongelykhede in die werkplek voortduur en beperk vroue se geleenthede vir loopbaanvoortgang en professionele ontwikkeling.

Ten slotte ...

Ons moet dringend hierdie gendergebaseerde uitdagings aanspreek wat vrouenavorsers ondervind, want indien dit nie gedoen word nie, sal dit verreikende implikasies vir Afrika se ontwikkeling en vooruitgang hê. Deur gendergelykheid in die wetenskap te bevorder, kan ons verseker dat alle

stemme en perspektiewe gehoor word en dat wetenskaplike navorsing gebruik word om die uitdagings aan te spreek wat Afrika en die wêreld in die gesig staar.

*\*Dr Corlia Meyer is 'n postdoktorale navorsingsgenoot by die Sentrum vir Navorsing oor Evaluasie, Wetenskap en Tegnologie (SENWET) by die Universiteit Stellenbosch. Prof Catherine Beaudry is die bekleër van die Kanada-navorsingsleerstoel in Bestuur en die Ekonomie van Innovasie by Polytechnique Montreal, Kanada. Prof Heidi Prozesky is 'n medeprofessor by SENWET en 'n lid van die DWI-NNS Sentrum van Uitnemendheid in Wetenskapmetriek en Wetenskap, Tegnologie en Innovasiebeleid, wat die navorsing gedeeltelik gefinansier het. Beaudry en Prozesky was saam met Carl St-pierre (Polytechnique Montreal) en Seyed Reza Mirnezam (Polytechnique Montreal en die Sharif-Universiteit van Tegnologie, Iran) medeskrywers van "Factors that affect scientific publication in Africa – A gender perspective".*